

Vrydag 4 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13

Fokusgedeelte: Openbaring 3:10

**Die eindtyd is beproewingstyd, maar ook beskermingstyd**

**D**ie oomblik wanneer ons ons beginsels prysgee, verloën ons die Naam van God en dan verval ons in die sonde waarteen die gemeente van Filadelfia staande kon bly.

Ons is moontlik al naby aan die oomblikke waarvan in vers 10 geskryf word: die eindoordeel. Die eindoordeel word ook nog eers voorafgegaan deur tye van beproewing. Die laaste tyd sal mense uit Satan se sinagoge ook in ons kerke rondloop soos in die gemeente van Filadelfia. Hulle sal ook beheers word deur die leuen. En hulle sal in die kerk baie skade doen. Ons lees in Openbaring 2:9 ook van die mense in die gemeente wat voorgee dat hulle gelowiges is, en dan is hulle dit nie. Daar word ook gesê dat hulle uit die sinagoge van Satan is.

In die laaste dae sal hierdie mense die werktuie in Satan se hand wees, wat met duiwelse beplanning die dae vir die gelowiges ondraaglik sal maak. Dink aan die Here Jesus se woorde in Markus 13:22: *Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.*

Hulle kan ons maklik vang, want ons sal aan hulle gewoon wees en onder die indruk verkeer dat hulle "ons soort mense" is. Die Here Jesus beskryf die dae ook in Matteus 24:22: *En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.*

Dan kom die Here in Openbaring 3:10 na ons toe met die belofte dat Hy self ons in daardie dae sal bewaar. Wat meer kan ons vra? God maak die deure vir ons oop sodat ons kan glo en getuig, en al wat Hy vra, is die verantwoordelikheid dat ons dit sal doen. Hy bewaar ons selfs in die stryd om dit te kan doen.

*Sing: Psalm 16-1:1*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*